

**Skrifgedeelte: Johannes 11:17-32**  
**Fokusgedeelte: Johannes 11:25, 26**

Dit is nadruklik die boodskap van die Nuwe Testament: “Die Here het waarlik opgestaan!” Indien Hy in die dood en graf gebly het, sou die geloof in Hom met Hom gesterwe het. Onlosmaaklik verbind aan Jesus se opstanding, is sy eie woorde: “Ek is die opstanding en die lewe.”

Ten tye van hierdie uitspraak was daar droefheid. Marta en Maria het oor hulle broer Lasarus se dood getreur. Ware troos het tot hulle gekom in Jesus wat gesê het: “Ek is die opstanding”, én in die bevestiging daarvan waar Hy vir Lasarus uit die dood laat opstaan het (Joh. 11:33-44).

In die opstanding op die derde dag – nadat Jesus sy lewe vir sy skape afgelê het en daarna begrawe is – is Hy die opstanding. Hy wat die “volmag het om sy lewe weer op te neem” (Joh. 10:17, 18), is waarlik die Oorwinnaar oor die dood en die sonde as die “angel van die dood” (1 Kor. 15:55).

Jesus se opstanding raak elke gelowige: “... ons is saam met Hom opgewek uit die dood” (Ef. 2:6). Die opstanding tot ’n nuwe lewe én die opstanding op die ewige opstandingsmôre is aan Hom verbind. Op dié dag sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees (Fil. 3:21).

Elke dag beleef ons die smart en hartseer van dood rondom ons. Volgens die Doopformulier is ons eie lewe niks anders as ’n voortdurende sterwe nie. Eindig alles dan troosloos by die dood? Nee! Jesus het gesê: “Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook.” Hy is die opstanding en die lewe!

**Hy is die  
opstanding**



Publikasie  
Publication



Nr./No.: H28